



Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo IeNtshona Koloni

**WETGEWENDE PROSES:
NASIONAAL EN PROVINSIAAL**

FEITEBLAD 15

HERSIENING 1, 20 JULIE 2016

Ingevolge die nasionale Grondwet is die wetgewende bevoegdheid van die nasionale regeringsfeer by die nasionale Parlement berus terwyl die wetgewende bevoegdheid van die provinsiale regeringsfeer by die provinsiale wetgewers berus.

Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement is onderworpe aan die nasionale en provinsiale grondwette.

Die nasionale Grondwet onderskei tussen verskillende soorte wetsontwerpe:


1. Artikel 75 - Gewone wetsontwerpe wat nie provinsies raak nie
2. Artikel 76 - Gewone wetsontwerpe wat provinsies raak
 - Artikel 76(1) - Wetsontwerpe voorgestel deur die Nasionale Vergadering (NV)
 - Artikel 76(2) - Wetsontwerpe voorgestel deur die Nasionale Raad van Provinsies (NRVP)
3. Artikel 77 - Geldwetsontwerpe
4. Artikel 74 - Wetsontwerpe wat die Grondwet wysig
 - Grondwetlike veranderinge wat die provinsies raak
 - Grondwetlike veranderinge wat nie provinsies raak nie

Vir die doeleindes van hierdie feiteblad word slegs die artikel 76-prosedure geïllustreer. 'n Omvattende illustrasie van al die kategorieë van nasionale wetgewing is op versoek beskikbaar.

Ten opsigte van die wetgewende proses wat in die provinsies gevolg word, word illustrasies van gewone wetsontwerpe en geldwetsontwerpe voorsien.


GEWONE WETSONTWERPE WAT PROVINSIES RAAK

VOORGESTEL DEUR DIE NASIONALE RAAD VAN PROVINSIES (NRVP), ARTIKEL 76(2)




GEWONE WETSONTWERPE WAT PROVINSIES RAAK

VOORGESTEL DEUR DIE NASIONALE VERGADERING (NV), ARTIKEL 76(1)



* Provinsies gee mandate aan hul afgevaardigdes om 'n wetsontwerp te steun of nie te steun nie.

GEWONE PROVINSIALE WETSONTWERPE



PROVINSIALE GELDWETSONTWERPE

Indiening

Wetsontwerp word deur die Minister van Finansies ingedien en verwante dokumente word ter tafel gelê.

Eerste lesing

Wetsontwerp word vir die eerste keer gelees sonder dat vrae daarvoor gestel word en afskrifte van die wetsontwerp en verwante dokumente word aan al die Lede beskikbaar gestel.

Verwysing na komitee ná eerste lesing

Die inleidingstoespraak en alle dokumente wat ter tafel gelê is, word na die toepaslike komitee (gewoonlik die Staande Komitee oor Finansies) vir oorweging en verslagdoening verwys.

Oorweging van die bylae van 'n begrotingswetsontwerp

Nadat die beginsel goedgekeur is van 'n begrotingswetsontwerp wat 'n bylae het, moet die begrotingsposte in die bylae gedebatteer word.

Bespreking van begrotingsposte in bylae

As 'n geldwetsontwerp 'n bylae het, moet al die begrotingsposte wat in die bylae vervat is, bespreek word en moet daarvoor gestem word.

Finalisering van geldwetsontwerp

Nadat die bylae van 'n begrotingswetsontwerp – of die beginsel van 'n geldwetsontwerp wat nie 'n bylae het nie – goedgekeur is, word wetsontwerp op die Ordelys vir finalisering geplaas.

Bekragtiging deur die Premier

Wetsontwerp word deur die Premier onderteken en in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer.